ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

May 2024 (88)

# Mothersday 12 May

Be gentle with your mother….
There are times that a quick, short answer jumps out of your mouth. Full of sharp edges that draw blood. And you look away, so you don't need to see the pain you know you caused.
Half of what she does, you don't understand. The things she allows, leave you cold and irritate you . One moment you want to fold her in your arms, the next you wish you could just shake her a bit. One day, it will all make sense to you.
The things she kept hidden from you are precisely what carved out her core, enabling her to bear even greater burdens where no one can perceive the heaviness. Those things that sometimes break her where you can actually see it, even though you prefer not to.

Her eyes notice everything, yet she keeps so much to herself. She steps back and offers her hope for the sake of her child's happiness. The gratitude she deserves for doing that is far and few between, yet her flame of gratitude reaches close to the Heavens.
Should you be blessed enough to still have her breathing the air of this earth, it's time you start digging in your gratitude-archives and find the warmth in your heart, the forgiveness in your voice and the same amazement you had as a toddler for her. I beg of you to please, today and everyday, be gentle with your mother.

Because the day will come that her morning greeting will no longer be.
Her words "I love you my child" will no longer be..
Her voice will no longer be heard..
All that will be left are memories..
Be gentle with your mother..
With love and a hug.
(from Anna Jansen)

## LANDGOEDSAKE: FISIOTERAPEUT AANSTELLING

- Neem asb kennis dat 'n fisioterapeut onlangs deur die HEV aangestel is om, saam met die arbeidsterapeut, behulpsaam te wees met probleemgevalle en evaluasies van inwoners soos deur die landgoedsuster versoek.
- Dienste van die fisioterapeut en die arbeidsterapeut waarvoor die HEV aanspreeklik sal wees, word **beperk** tot sodanige hulp/dienste soos deur die landgoedsuster aangevra.
- Enige ander dienste wat direk aan 'n inwoner in die landgoed deur die fisioterapeut en die arbeidsterapeut gelewer word, sal vir die inwoner se rekening wees.
- Alle dienste wat in die sorgsentrum gelewer word, word deur die betrokke pasiënt betaal.
- Geen minimum bedrag is maandeliks betaalbaar nie. Betalings sal slegs geskied op ontvangs van 'n faktuur vir werklike dienste gelewer in 'n betrokke maand.
- Kontak asseblief die landgoedsuster vir meer inligting in dié verband.

## APPOINTMENT OF PHYSIOTHERAPIST

- Please note that a physiotherapist has recently been appointed by the HOA to, together with the occupational therapist, assist with problem cases and evaluations of residents as requested by the estate sister.
- Services of the physiotherapist and the occupational therapist for which the HOA will be liable, are **limited** to such assistance/services as requested by the estate sister.
- Any other services provided directly to a resident in the estate by the physiotherapist and the occupational therapist, will be for the resident's account.
- All services provided in the frail care are paid for by patient receiving the services.
- No minimum amount is payable monthly. Payments will only be made on receipt of an invoice for actual services rendered in that month.
- Please contact the estate sister for more information in this regard.

**EK MOET TREK ! WAT NOU?**

Is jy verplig is om te trek na 'n gewone kompleks of 'n gewone woonstel nadat jy gewoond geraak het aan 'n sekuriteits-aftreelandgoed met sy baie voordele tov sekuriteit, eetsaal, salonne, tuindienste en Sorgsentrum? Indien jou huislike omstandighede sodanig verander het of jou finansiële posisie of die van jou kinders dit noodsaak, is daar 10 dinge wat jy nie uit die oog moet verloor nie:

**1.Noodwater**: Met Ekurhuleni en ander dele in Gauteng wat kort-kort sonder water sit, vir weke aaneen, moet jy noodwater in die huis hệ vir was, toiletgebruiik, kosmaak. Koop 10-liter waterkanne en stoor dit in jou badkamer of garage as jy so gelukkig is en koop 5-liter bottels varswater vir drink en kosmaak. (Een toiletspoel benodig 5-liter water

**2.Noodkrag:** Koop 2 of 3 betroubare herlaaibare flitse, maar ook dié wat deur sonlig gelaai word

**3.Noodvoedsel**: Indien jy onveilig voel om alleen na 'n groot Mall te ry en jou kinders eenmaal per maand kom help kruideniers koop; moet jy noodvoorrade aanhou soos 'n paar blikkies kos, langlewe melk ens indien die krag vir 'n lang tyd af is.

**4.Veiligheid by woonplek**: veiligheidshekke en diefwering voor vensters; laat installeer veiligheidsligte rondom die huis wat met 'n sonpaneeltjie en battery werk sodat jy kan sien wat buite aangaan.

**5.Reisveiligheid:**Sorg dat jou voertuig altyd vol brandstof is; wiele gepomp; vensters skoon en toe wanneer jy ry; geen uitlokkende toerusting sigbaar in die voertuig nie, selfoon ingesluit.

**6.Gesondheid**: Eet genoeg vrugte, groente , hoender en vis en kry genoeg oefening. Drink baie water. Hou jou chroniese toestand dop en vind dadelik uit waar is die naaste apteek of dokter.

**7.Familie**: Bly op goeie voet met jou familie sodat hulle jou graag wil besoek en vra hulle om telkens 5-liter vars water saam te bring.

**8.Pasop vir scamsters: per selfoon, per epos**, ('n liewe inwoner hier is sopas weer uit R2000 gekul deurdat haar kredietkaart gekloon is) Trek slegs kontant in 'n bank en nie by kitsmasjiene by 'n garage nie

**9. Sakkerollers:** dra slegs 'n klein handsakkie saam met absoluut die nodigste wat jy oor die skouer-na-blad dra met die sakkie aan die voorkant en moenie opsigtelike duur juwele dra nie en ook nie jou selfoon vertoon nie. Hulle gryp dit uit jou hand !

**10.Noodsak**. Hou nog steeds jou gepakte noodsak met jou volledig opgedateerde mediese en persoonlike besonderhede byderhand.

## ESTATE MATTERS: PETS

It has again been noticed that residents from time to time do not adhere to the conduct rules regarding pets in the estate. Often dogs are running without a leash in the streets and sometimes residents do not remove litter caused by their dogs on common property **OR** they collect it, but then just throw it in the nearest flowerbed, **TOGETHER** with the tissue**. Not nice!**

An extract from the relevant conduct rules reads as follows:

-It is the responsibility of the owners of pets to ensure that all litter caused by the pets is removed from the common area immediately.

-No pets are allowed in the main building, except registered guide dogs

-All pets must be on a leash and suitably controlled when they are on common property.

-Owners, occupiers and their visitors are not permitted to bring visiting pets into the estate, with the exception of registered guide dogs.

-Pets must be kept in a fenced area with an appropriate gate.

-Failure to comply with these rules will result in the resident being instructed to remove the pet from the estate.


## ESTATE MATTERS: FEEDING OF BIRDS

This practice is strictly prohibited as it cause all sorts of problems such as messing of droppings, droppings on the roofs and solar panels, clogging of gutters and damage to ceilings; droppings on picket fences, walls and paving. It can also be the carriers of bird mites and diseases, nesting in roofs and elsewhere which exacerbate these problems.

We all love nature so let us protect it, avoiding later drastic infestation and removal methods at high costs from an expert contractor and Pest Control. (It cost R10 000 to get an expert to clean the roofs, solar panels and gutters at the apartments and Service centre)

This includes **all** forms of bird feeding, at the flats **AND** the houses, including the scattering of breadcrumbs and pieces of food on the lawns or your veranda/balcony.

The birds are nesting on the ceilings of the top floor flats, or under the roofs, and in the gutters because residents DO NOT ADHERE TO THE REQUEST.



Ek wil graag almal van ons Aftreelandgoed bemoedig om die hoop en die vreugde wat deel is van hierdie fees se boodskap met julle te dra deur die res van die jaar. Mag die wederopstanding van Jesus Christus julle herinner aan die krag van hoop, vernuwing en verlossing in julle lewens. Mag julle lewens gevul wees met vreugde, vrede en dankbaarheid vir die genade wat ons ontvang het.

Dankbaar vir Jesus wat vir ons sondes gesterf het aan die kruis;

Dankbaar vir ons gesondheid;

Dankbaar vir ons veiligheid;

Dankbaar vir kos op ons tafel en 'n dak oor ons hoof;

Dankbaar vir die wonderlike reën;

en bo alles

Dankbaar dat ons sondes ons vergewe is aan die kruis op Golgota.

Groete,

Wilma van den Berg

## ‘N PRESTASIE

Koos Fourie van 3080 het op 23 Maart 2024 sy 250ste PARKRUN in Valhalla voltooi. Deelnemers hoef die 5km nie te hardloop nie, maar kan die afstand ook stap.

Mens sien hom (82)en sy vrou Susan (77) dikwels flink hier in die landgoed stap.

Dit vind plaas op Saterdag-oggende en begin om 08h00. Inwoners, hier is ‘n gulde kans om oefening in die vars lug te kry.









LADY OF THE NIGHT- Marie huis 81 (ingestuur deur Michelle)





‘n Groepie vriende vier die verjaardag van Bella (huis 62) en Joy (huis 63) by Rian se restaurant in Doringkloof



‘n Oujaarsfees gehou by Sylvia se huis (251) gereël deur Cora





## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids, maar alle navrae kan ook by Ontvangs gedoen word

Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie.

57 Ockie en Alta Stander
108 Zelda Setzkorn (tydelik
1006 Alta Venter

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterftes bekend van:
145 Derek Webber (10 Mrt
1001 Ria vd Berg (13 Mrt
1215 Faan Heymans (13 Mrt
74 Alf Weideman (26 Mrt

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## KERMIS 2024

Skryf solank hierdie heerlike sosiale saamkuier in jou dagboek by Saterdag 31 Augustus vanaf 09h00 tot 13h00.

Plantliefhebbers kan dus betyds steggies inlê of klein plantjies in potjies plant; vlytige hande kan weer begin om hulle kunswerke gereed te kry, of dit nou skilderye, breiwerk, hekelwerk, lampe of juwele maak is, of houtspeelgoed. BEGIN NET!

Navrae: Johan du Preez 3192




## MY VIA DOLOROSA: Brief aan die Bestuurder..

Dit is met groot leedwese dat ek vandag hierdie skrywe aan jou rig. Maar ek doen dit met die hoop dat jy groot begrip sal toon vir die lewenspad wat die mens moet reis na sy uiteindelike verlossing of verdoemenis.

Met dié dat mens nou die stadium bereik waar hy dan verhuis na sy vagevuur (Kieriekampus op moderne Afrikaans of Purgatory in Engels) ervaar hy verskeie uitdagings en oplewings van vroeëre vermoëns en gewoontes. Nou nie dat mens nou sou sệ dat al hierdie oplewings nou eintlik net negatief is nie, jy weet?

Maar ewenwel, afhangende van die mens se gesondheid van liggaam en siel en gees en helderheid van brein, en ook afhangende van die sinkronisering van sy biologiese horlosie, gebeur dit soms, net soms, gedurende sy verblyf op die Kieriekampus dat daardie vroeëre gevoelens en behoeftes en vermoëns, sporadies opflikker. Dit is veral gedurende hierdie opflikkerings dat die mens die geleentheid moet aangryp om vervaagde aangename ervaringe van vervloë dae weer te smaak en te waardeer, jy weet?

En só gebeur dit ook toe nou vroeggerig vanoggend dat die biologiese horlosies van my en my aanvallige jong vroutjie van die meer as afgelope 46 jaar weer beginne saam tik hier op die Kieriekampus. Maar nou nie net sommer ‘n gewone tik-tik nie, jy weet? Nee, dis ‘n Tik-Tak-Tik-Tak soos vanmelee, man, ‘n heldere en duidelike Tik-Takkery, né!

Nou, as jy nou nog nie die lyn van die storie kon agterkom nie; dit is iets soortgelyks waarvoor Fanus Rautenbach destyds vir ‘n wyle van die draadloos se eter verban moes word oorlat dit dan nou kwansuis nie sou inpas by alle ouderdomsgroepe van die draadloos se luisteraars nie.

Maar ek meen te sệ, ons almal hier op die Kieriekampus pas by hiedie skrywe se gehoor in.

En daarom voel ek dat ek met vrymoedigheid hierdie weeklaag aan jou kan rig. Nou seker nie so beperkend soos wat die Kalahari-jakkals voor sy gat sou sit en tjank, op roep na ‘n maat nie. Want daar in die Kalahari, soos jy self uit eie ervaringe sal weet, loop daar snags ook maar ongediertes rond opsoek na ietsie om te peusel, en met al die getjankery verklap die jakkals sy teenwoordigheid, en dis dan wanneer die natuur se voedselketting sy loop kan neem, jy weet?

(vervolg op bl 11)

## MY VIA DOLOROSA: (vervolg)

Maar hier op die Kieriekampus, hier is darem nou nie eintlik sulke ongediertes nie, alhoewel ek as junior-senior burger bewus is van 'n paar senior Kieriekampussers wat soms maar moeilik kan raak- soos waarvan jy self sal kan getuig uit jou eie ervaringe hier op ons eie Kalaharietjie.

Nou hoe dit ookal sy, om terug te kom tot die storie se lyn en die basis van my geweeklaag.

Met dié dat onse biologiese horlosies so sterk beginne Tik-Tak het, met die het die natuur nou ook maar sy loop beginne neem. En dit was nie kort voor lank nie (of kan dit nou ook lank vanaf kort wees) dat die natuur nou stewig aan't verloop was.En so te midde van die al hoe minder voorkoms van ervaring van euforie (kan die voorvoegsel "eeu" dalk 'n verskuilde betekenis in hierdie verband hệ̣?) en die saambinding van twee natuurkinders, so te midde van dit alles weerklink daar skielik 'n saligheids-vernietigende Ding-Dong deur die huis! En weer 'n Ding-Dong!

Dit ruk my terug vanuit hoë, hemelse geluksalige weë en werp my neer op die rotse van die Dal van Doodskaduwee……alles met net een, nee twee Ding-Dongs…..en skielik verander kort-voor-lank eensklaps in lank-terug-na-kort, die euforie word 'n gedagteklagte soos destyds toe ons ook betrap was voor ons in die eg verbind is!

En Hansie, as jy nou nog nie die storie se punt gesnap het nie-daai geding-dong was die blerrie voordeurklokkie, gelui deur 'n werker van die Kieriekampus se Tuinvernietigingsdienste wat vir my 'n nuwe plastiese herwinningsak wou gee, en ek moes vir die ontvangs teken, want sommige van onse Kalaharietjie se jakkalsies het gekla dat hulle nie 'n maat, "skies" sakke kry nie en nou het iemand besluit om beheer toe te pas om sodanige moontlike, toekomstige potensiële oorsig te voorkom.

Besef jy die verlies, die skade en die gemoedsbekakking wat daai Kalaharijakkals se prooisoekende voordeurklokkie op onse lewenspad geplaas het? Besef jy dat die verlore kanse nooit weer ingehaal kan word nie?
En as die man nou ook darem net ander soort sakkies geloop uitdeel het, jy weet? (Pennevrug van Johan Kruger 3178)


Advanced Hearing
Lezahn Louw Audiology
Jean Ave, @Health medical centre, Centurion
Gehoortoetse
Gehoorapparate & GRATIS "trials"
Gehoorapparaat verstellings
Oor was verwydering & meer...
Alle mediese fondse
Alle gehoorapparaat make
Begroting vriendelike opsies
Kontak ons
0121117272 0842932855


082 925 3250
SkitterBlink
CLEANING SERVICES
Your Sparkling Solution
Once-Off Cleaning
General Cleaning
Deep Cleaning
Pre/Post Cleaning
Window Cleaning
Builders/Renovation Cleaning
Office & Commercial Cleaning
Contract Cleaning
Budget Team Cleaning
Standard Team cleaning
Deluxe Team Cleaning
Office & Commercial Team Cleaning
Domestic Worker Placements
Office & Commercial Cleaning Placements
Hygiene Services
Commercial Deep cleaning
Specialised Cleaning
Carpet Cleaning
Upholstery Cleaning
Mattress Sanitizing & Wash
High Window Cleaning
Hoarder Clean Up
Bio Hazard Cleaning:
Crime Scene Cleaning
Minor & Major Blood Spill Cleaning
Covid 19 Disinfection
Emergency Clean Up:
Water Flooding
Fire & Soot Damage
Sewage overflow
Contact us
Ansie Vlok / Erika Misselhorn
Skitterblink Wierdapark
082 925 3250
wierdapark@skitterblink.co.za
www.skitterblink.co.za